SA Wrestling Federation
Stoeifederasie

AFRIGTERS RAAD / COACHES COUNCIL

Miss. E van Zyl
P.O. Box 82625
Southdale
2135
TEL : 011 681 1808
082 290 7561 (cell)
FAX : 011 681 1800
evanzyl@phumelela.com

Aan: Sekretaris/Voorsitter - Stoeiverenigings
SASF Uitvoerende Bestuurslede

Van: SASAR

4 Maart 2009

SASAR SKRYWE 2009/03

AFRIGTERS KURSUSSE

As gevolg van die feit dat die eerste afrigter kursus van 28 Maart 2009 en die Abraham Geldenhuys Ope vir dieselfde dag beplan was, moes ons noodgedwonge 'n alternatiewe datum vir die kursus bepaal.

Daarom het ons besluit om 'n derde kursus aan te bied in 2009 ten einde almal die geleentheid te gee om 'n nasionale kursus by te woon. Die eerste twee kursusse word voor die S.A Grieks Romeinse Kampioenskappe aangebied, wat dit moontlik maak vir almal om wel een van die verpligte kursusse per jaar by te woon.

Die reëling dat afrigters verplig is om een nasionale kursus per jaar by te woon ten einde in die daarop volgende jaar by S.A. aangeleenthede te kan optree bly van toepassing vir 2009, met ander woorde om in 2010 te kan optree moet 'n afrigter in 2009 een van die nasionale kursusse bywoon.

Afrigters wat nie in 2008 'n nasionale kursus bygewoon het nie, sal nie toegelaat word om in 2009 by S.A. aangeleenthede op te tree nie, tensy hulle 'n nasionale kursus in die jaar bywoon .

As gevolg van die kursus wat nou op 20 en 21 Maart plaas vind, is die nasionale oefen kamp gekanselleer. Verdere inligting met betrekking tot die kamp en uitdaag wedstryde sal so spoedig moontlik deurgegee word. Ons versoek dat stoeiers in die senior en junior oefen groepe op Saterdag 21 Maart 2009 by ons aansluit vir die praktiese deel van die kursus.

LET WEL:
Ons wil graag die volgende spesifieke rëelings met betrekking tot die toetsing van vlak 3 afrigters deur gee. Afrigters wat vir vlak 3 getoets wil word, moet vyf (5) take voor die tyd ingehandig.

Daar is op die SASAR vergadering van **2 Maart 2009** besluit dat afrigters wat in 2008 take moes indien en dit nog nie gedoen het nie, her toets sal word.

DIE KURSUS DATUMS IS AS VOLG:

Eerste kursus vind plaas op 20 en 21 Maart 2009.
Besonderhede van die kursus:

- Plek: Noord Gauteng stoei saal.
- Registrasie: Vrydag 20 Maart om 17h00 tot 18h30.
  Saterdag 21 Maart om 07h00 tot 07h45
- Eksamen en Praktiese toetsing vir vlak 1 en 2 vind plaas op Vrydagaand vanaf 19h00.
- Toetsing vir vlak 3 en 4 sal op Saterdag 21 Maart plaasvind.
- Name van afrigters wat eksamen wil skryf of getoets wil word asook afrigters wat die kursus net wil bywoon moet voor of op Sondag 15 Maart by Esta van Zyl bevestig word. (e-pos evanzyl@phumelela.com).
- Mediese kursus sal deel wees van die afrigters kursus. Afrigters word herinner dat hulle verplig is om bewys te lewer van bywoning van 'n mediese kursus. Alle afrigters moet in besit wees van 'n geldige mediese sertifikaat.
- Verenigings moet asseblief kennis neem dat indien die name van afrigters ontvang is vir eksamen skryf of kursus bywoning, sal die verenigings verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde, indien die afrigters nie opdaag nie.
- Inskrywingsgelde R220. (sluit nie mediese kursus gelde in nie).

Tweede kursus vind plaas op 26 en 27 April 2009.
Besonderhede van die kursus:

- Plek: Welkom stoei klub (Welkom Skou gronde).
- Registrasie: Sondag 26 April om 13h00 tot 14h00.
  Maandag 27 April om 07h00 tot 07h45.
- Eksamen en Praktiese toetsing vir vlak 1 en 2 vind plaas Sondag vanaf 14h00.
- Toetsing vir vlak 3 en 4 sal op Maandag 27 April plaasvind.
- Name van afrigters wat eksamen wil skryf of getoets wil word asook afrigters wat die kursus net wil bywoon moet voor of op Vrydag 17 April by Esta van Zyl bevestig word. (e-pos: evanzyl@phumelela.com).
- Mediese kursus sal deel wees van die afrigters kursus. Afrigters word herinner dat hulle verplig is om bewys te lewer van bywoning van 'n mediese kursus. Alle afrigters moet in besit wees van 'n geldige mediese sertifikaat.
- Verenigings moet asseblief kennis neem dat indien die name van afrigters ontvang is vir eksamen skryf of kursus bywoning, sal die verenigings verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde, indien die afrigters nie opdaag nie.
- Inskrywingsgelde R220. (sluit nie mediese kursus gelde in nie).

Derde kursus vind plaas op 21 en 22 Augustus 2009 in die Kusstreek.

- Besonderhede van kursus sal later deurgegee word.

Afrigters Raad

Vriendelike Stoei Groete